**Donderdag 9 Augustus**

| **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:8-13** | **Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:9** |
|---|---|

# Diaken, jou diens is die hande en voete van die evangelie

Oor die algemeen het lidmate maar ’n lae dunk van die amp van diaken. Predikante het ’n belangrike werk – hulle moet die Woord van God verkondig. Ouderlinge het ’n belang-rike werk – hulle moet uit die Woord onderrig gee en in die kerk van die Here regeer. Maar diakens? Ag, hulle kollekteer net op Sondae die liefdesgawes en sorg dat die nagmaaltafel gedek is en die bediening van die nagmaal glad verloop.

So ’n siening van die diakens en hulle dienswerk is egter nie in ooreenstemming met die Woord van God nie. ’n Diaken is veronderstel om die verborgenheid van die geloof in ’n rein gewete te hou. Die verborgenheid van die geloof is niks anders nie as die evangelie van Jesus Christus (1 Tim. 3:16). Daarom behoort ’n diaken goed onderlê te wees in die Woord van die Here. Hy moet weet waarom Christus na die wêreld gekom het en wat Christus gedoen het.

Die verlossing wat Christus gebring het, het die lewe van mense konkreet beïnvloed. Hulle het genesing ontvang, verligting van hongerpyne, bevryding van bose magte wat hulle oorheers het.

In die voetspore van Jesus lei die Heilige Gees elke diaken om die evangelie van Chris-tus konkreet te maak in lidmate se lewens. Die evangelie waarin jy onderlê is, word tas-baar vir die lidmaat aan wie jy die konkrete verligting bring. Die evangelie word dan sig-baar vir die wêreld, sodat die liefde van Christus in hierdie wêreld kan skitter en God ver-heerlik word. Sodoende dra jy by tot die skoonheid van die lewende God se huis – sy kerk.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*